

2 April

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34
Fokusgedeelte: Matteus 6:33

Koninkryk – soek dit met oorgawe!

“... beywer julle allereers vir die koninkryk van God ...”(NAV)

“... soek eers die koninkryk van God ...” (OAV)

As kinders van ons Vader in die hemel, moet ons – voor enigiets anders – ons beywer vir God se koninkryk. Dit is 'n soeke wat met groot ywer volgehou moet word. Met koninkryk word hier bedoel dat die kinders van God alles sal inspan om burgerskap van hierdie ryk te bekom en onder God se heerskappy te staan. In die sin van die heerskappy van God is die koninkryk van God besig om dit self uit te brei, ongeag wat die mens doen. Voor enigiets anders moet daar die diep toegewyde erkenning wees van die Koningskap van God. Wie God as Koning erken, het Hom ook as hemelse Vader.

Al die aardse dinge – dit waaroor ons ons so dikwels kwel – is tydelik en verganklik, maar die burgerskap van die koninkryk van God bestaan tot in ewigheid en dit sluit alle geestelike en tydelike weldade in. Wie dus opreg begeer om die Koningskap van God te erken in sy lewe en so die Koninkryk van God te soek, soek uiteraard ook God se geregtigheid. Geregtigheid wat nie gesoek word omdat ons daardeur toegang tot die Koninkryk wil verdien nie, maar geregtigheid wat deur God van ons geëis word omdat ons deel van die koninkryk is.

Wie die genadegawe van God se Koninkryk soek en dit ook kry, ontvang daardeur ook die moontlikheid om – sonder dat ons dit mooi verstaan – die geregtigheid te volbring. Dit hou 'n groot verborgenheid in, naamlik dat die mens soek na die Koninkryk sonder dat hy regtig verstaan dat hy dit kan soek, omdat God dit gee! Is die Koninkryk vir jou belangrik? Soek dit met oorgawe, want God gee dit vir dié wat daarna soek!

Sing: Psalm 33:5

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)